# Spreek en Skrijf

## STANDERD II.





SUID AFRIKAANSE
UNIE SERIE

ONDER REDAKSIE VAN

*J. Kandel Thompson*
*& Hubertus Elffers*



Skb
372.6
VIS

# Spreek en Skrijf

## OEFENINGE IN DIE AFRIKAANSE TAAL

DEUR


H. VISSCHER en C. LOMBARD, B.A.

*Inspekteur van Skole.* *Hoofd van die Jan Rissik Skool, Johannesburg.*


## STANDERD II.


SUID-AFRIKAANSE UNIE SERIE

ONDER REDAKSIE VAN

F. HANDEL THOMPSON & HUBERTUS ELFFERS

*Drukkers*—DE RUSTICA PERS, BEPKT.—*Uitgewers*

WIJNBERG (KAAP).

1919

*Goedgekeur deur die boeke-kommissie van die S.A. Akademie vir Taal, Lettere, en Kuns.*

# VOORREDE.

Ons bied hierbij ons tweede boekie vir die onderwijsers van die Afrikaanse Taal aan.

Ons versoek die onderwijsers(esse) dringend om dit voorrede in die eerste boekie te lees en te herlees en bij die gebruik van hierdie boeke elkemaal weer aanskouwingslesse te gee en die kinders te leer om *reg te praat* as die eerste voorwaarde om *reg te skrijwe.*

Om die leerstof uit te brei, sal die leesboek baiemaal stof kan lewer. Die leesles behoor altijd 'n taalles te wees. Ons doel is net om 'n pad te wijs. Die pad moet naar ons mening lei in die rigting van 'n eie, selfstandige en daarom oorspronkelike manier van uitdrukking van gedagtes.

Die onderwijser moet ook die leerling net lei (en niks meer nie!) sodat hij of sij tot ontwikkeling kan bring sij of haar eie (en daarom oorspronkelike) vorm van spreek en skrijf.

Ten opsigte van spelling moet daar eenvormigheid wees. Om die rede het ons *ik* laat padgee vir *ek, sijn* en *mijn,* vir *sij* en *mij, set* vir *sit, breng* vir *bring, denk* vir *dink,* ens.

Bij die eersvolgende tweede ediesie hoop ons om die spelling in die eerste boekie in die opsig te verander.

Opmerkings en opbouwende kritiek sal altoos welkom wees, solank dit die doel het om die gebruik van ons Afrikaanse Taal in ons skole en in ons private lewe te bevorder.

H. VISSCHER,
C. LOMBARD, B.A.

## 1.

## D of T.

As ek sê: *hand,* kan julle hoor, wat die laaste letter is?

(Partij kinders sal dadelik sê, hulle hoor 'n *d*, omdat hulle al weet, dat *hand* so gespel word. Maar die onderwijser moet nadruk lê op die *hoor.*)

Kan julle *hoor*, dat daar 'n *d* aan die end van die woord kom? Nee, ons kan dit nie hoor nie. Net so min as in mond, hond, rand, sand. Afrikaans en ook Hollands word so uitgespreek, dat 'n mens dit nie kan hoor nie. Hoe kan ons nou weet, of daar 'n *d* of 'n *t* moet geskrijf word?

Kom, ons verander die woord 'n bietjie: Ek het 2 .... han*d*e! Kan julle nou hoor?

Onthou nou goed: as ons in die veranderde woord 'n *d* of 'n *t* kan *hoor,* moet ons die letter skrijf in die onveranderde woord.

Probeer nou maar weer:—

monde — mon-.
lande — lan-.
kante — kan-.
tande — tan-.
honde — hon-.
linte — lin-.
kaste — kas-.
brode — broo-.
bande — ban-.
mande — man-.
velde — vel-.
ronde — ron-.
tente — ten-.
hoede — hoe-.
voete — voe-.
blinde — blin-.

## 2.

### VUL IN: D OF T.

Die bees - e is in die mielielan - e. Gee mij jou regterhan -. Jou han - e lijk nie mooi skoon nie. Haar tan - e het spierwit tan - e. Oom Pieter wil al sij gron - e verkoop; mij pa sal sij gron - nooit verkoop nie. Die win - waai. 'n Blin - e man kan nie sien nie. Hoe vin - jij die konsert van gisteraand? Ek het dit mooi gevin - . Ek wens, hulle gee dit elke week 'n paar aan - e. Kinders speel graag in die san -. Hierde pad is maar san - erig. Ek het mij han- gebran-. Jaag die skape in die jong bran - e. Koop 'n paar pon- gebran - e koffie. Ek betaal vir die tafel drie goue pon - e. Jan het maar net een hon -; sij broer het 'n hele klomp hon - e. **'n Tafel met vier** kan - e noem ons vierkan -. In ons sit-kamer staan 'n ron - e tafel. Die stoele is ook ron -.

## 3.

### DIE ESEL EN DIE WINDHOND.

*'n Leesles.*

'n Esel stap na 'n spruit om te gaan water suip. Oorkant die spruit kom 'n windhond aangestap met dieselfde plan. Toe die esel klaar het, wil hij wegstap, soos gewoonlik, kop na die grond. Maar oorkant die spruit hoor hij een lag en hij kijk op, om te sien, wie dit is.

„ Waaroor lag jij zo? " vra hij vir die windhond

„Ek lag oor jouw ore," sê die hond. Nou begin die esel ook lag.

„Waaroor lag jij nou so?" vra die windhond.

„Ek lag oor jouw lang pote," roep die esel terug.

„Ha — ha," lag die windhond, „kijk, watter ore!"

„I-a — I-a," lag die esel, „kijk, watter pote!"

„Jouw ore is goed 'n tree lank!"

„Jouw pote is goed ses voet lank!"

„Ha-ha-ha!"

„I-a — I-a — I-a!"

Elkeen het plesier gehad van die ontmoeting. Die een sien wel die fout van die ander, maar hul eie foute kan hulle nie raak sien nie. En dan oordrijf hulle ook nog; hulle maak dit erger, as wat dit is.

4.

## VRAE EN ANTWOORDE.

1. Waarnatoe gaan die esel?
2. Wat wil hij gaan doen?
3. Wie stap oorkant die spruit?
4. Wat wil hij gaan doen?
5. Hoe stap 'n esel?
6. Wat hoor hij, as hij wegstap?
7. Wat sê die windhond?
8. Waaroor lag die esel nou?
9. Hoe lag die hond?
10. Hoe lag die esel?
11. Hoe lank is 'n esel se ore?
12. Maar hoe sê die hond?

13. Hoe lank is 'n windhond se pote?
14. Maar hoe sê die esel?
15. Waaroor lag hülle nou eintlik?
16. Wat sien hulle nie raak nie?

## 5.

## MENS EN DIER.

1. Diere het *pote;* 'n mens het ....
2. 'n Dier het 'n *kop;* 'n mens het .....
3. Diere *suip* water; mense .....
4. 'n Os *vreet* gras; 'n mens ....
5. 'n Dier het 'n *pens;* 'n mens het .....
6. 'n Dier het 'n *bek;* 'n mens het ......
7. 'n Dier het *klouwe;* 'n mens het ......

## 6.

## 'N KAFFER VAT SIJ KOS

Twee seuns sit en kijk, hoe 'n Kaffer, wat baie honger het, sij kos vat.

Hoor nou, hoe praat hulle ondermekaar.

„ Kijk, hoe rek hij sij bek oop!"

„ Sij swart gevreet kan oopskeur!"

„ Daar vat hij die vleis met sij vuil klouwe!"
„ Sij kop blij maar almelewe bokant die pot pap!"
„ Nou suip hij sij melk!"
„ Mij tijd, hoe swel sij pens!"
„ Hij bars net nou!"
„ Sij pote sal sij lijf skaars kan dra!"
Bring dit oor in beskaafde Afrikaans.

## 7.

## *B* OF *P*.

Dieselfde reël, wat die kinders in 'n vorige les geleer het, om te kan onderskei waar *d* of *t* moet geskrijwe word aan die end van 'n woord, geld ook vir die endletters *b* en *p*. Neem nou b.v. twee woorde soos *rib* en *lip*. Daar is twee verskillende letters aan die end van hierdie woorde, maar 'n mens kan-nie die verskil *hoor*, als jij die woorde uitspreek nie. Probeer dit nou. Klink altwee die letters nou nie soos *p* nie?

Probeer nou om in hierdie sin die letters, wat uitgelaat is, in te vul:—

„ Jan het pak gekrij; sij ri - e is seer en sij li - e beef."

Ons sien hier ook, dat as die woord verander word, dan kan ons hoor of dit 'n *b* of 'n *p* moet wees, wat ons aan die end van 'n woord moet skrijwe.

## 8.

### VUL IN: *P* OF *PP*, *B* OF *BB*.

1. Die kinders het op die kli - e gespeel, Jan het afgeval en een van sij ri - e gebreek. Hij het nou 'n kno - so groot soos 'n knoo - in sij sij.

2. Die a - ie het die meisie haar ka - ie geskeur. Haar ma kan dit nie la - nie. Sij het am - er die stui - e gekrij van die skrik.

3. As Ja - ie die plaasskool verlaat, gaan hij na die am - agskool op die dor - . Hij wil nie 'n am - tenaar word nie, maar 'n am - agsman.

4. Die kinders vang kra - e op de kli - e.

5. In die Bij - el lees ons van Jo - . Hij was die geduldigste man, wat daar ooit geleef het.

6. Ja - ie knij - sij oë toe, want die see - so - brand genie - sig.

7. Daar is uitverko - ing in die dor - swinkels. Die goed is baie goedkoo - .

8. Jako - kla - met die swee - ; die ska - e wi - oor die sloot, die perde sko - agtero - en loo - ko - in die lug die veld in.

9. Oom Ja - ie! Oom Ja - ie! Maak o - e die deur; Tant Sannie se rokkie sit vas in die skeur.

10. Fli - wil sij mes aan A - el verruil vir 'n tol. A - el sê: „To - o - die ko - !"

11. Kom, Ba - a! Pa - a sal vir jou a - a.

## 9.

## HOOFLETTERS.

Die kinders moet hul leesboeke oop maak op die een of ander bladsij. Wat sien ons daar? Letters, nie waar nie? Hoeveel soorte letters vind ons daar? Groot letters en klein letters, nê? Nou ja, hierdie groot letters noem ons Hoofletters.

Nou moet ons probeer om uit te vind, *waar* en *wanneer* die hoofletters gebruik word. Laat ons sien. Watter letters vind ons buite op die omslag van die boek? Watter letters vind ons bo aan die les?

Verder sien ons nog 'n hoofletter aan die begin van die les en ook agter elke swart kolletjie, wat ons 'n *punt* noem.

Ons sien ook, dat die name van persone en volke, van plekke—soos strate, dorpe, plase, distrikte, lande, seeë, riviere, ens.—en van maande en dae, ook almaal met hoofletters begin.

## 10.

## OPGAWE.

Lees die bowestaande reëls goed oor. Skrijf hulle nou af en gee 'n nommer aan elke reël. Gee ook voorbeelde vir elke reël.

11.

## OPGAWE.

Skrijf nou korrek omtrent jouself, jou lewe en familiebetrekkinge, as volg:—

1. Mij naam is ——, en die land se naam, waar ek woon, is ——.
2. Ek woon op —— in die distrik
3. Ons kerk staan in —— straat in ——.
4. Mij vader se naam is —— en mij moeder haar naam is ——.
5. Die name van mij broers en susters is — ——, —— en ——.
6. Ons skool is die ——.
7. Mij verjaardag is op die —— dag van ——.
8. Mij beste maats is —— en ——.
9. Ons langste vakansies is die —— vakansie en die —— vakansie.
10. Die name van mij ooms is ——, ——, en ——; en die name van mij tantes is ——, —— en ——.
11. Die naam van ons predikant is Ds. —— en ons onderwijsers en onderwijseresse se name is meneer —— en meneer ——, en juffrou —— en juffrou ——.
12. Ons koop ons goed bij die winkels van Mnr. —— en van die here ——.

## 12.

### OPGAWE.

1. Skrijf jou naam, waar jij woon en die datum.
2. Skrijf die name van die dae van die week en van die maande van die jaar.
4. Skrijf ses name en vanne van mense, wat jij ken, en van die plase, waar hulle op woon.

## 13.

### LEESTEKENS.

Ons moet nou weer in die leesboeke gaan kijk. Ons sal sien, dat daar nie alleen letters is nie, maar ook sekere *tekens* of *merkies*. Ons noem hulle *Leestekens,* omdat hulle ons help verstaan wat ons lees, deurdat hulle ons wijs, waar ons moet rus, of waar ons die stem moet laat daal of sak, en waar ons dit moet laat klim.

Maar die tekens is nie alleen nuttig om vir ons te help lees nie, ons moet hulle ook self gebruik, as ons skrijf, sodat 'n ander maklik kan lees, wat ons geskrijf het.

As ons nou weer in die leesboeke kijk, sal ons sien, dat daar veral twee tekens is, wat baie gebruik word. Dit is die „*Punt,*" 'n soort stippeltjie of kolletjie, en die „*Komma,*" 'n punt met 'n krom stertjie, wat baie lijk na 'n padda-vissie, wat sij stertjie swaai.

## 14.

## DIE GEBRUIK VAN DIE PUNT EN DIE KOMMA

Ons moet nou goed onthou, dat ons altijd 'n sin moet begin met 'n *hoofletter* en moet eindig met 'n *punt*. So 'n sin is 'n klompie woorde, waarin ons 'n hele gedagte uitspreek, wat goed kan verstaan word. „*Jan die skaap*"—is nie 'n *sin* nie, want ons kan niks uit die woorde verstaan nie. Maar „*Jan vang die skaap*"—is 'n sin, want ons kan verstaan, wat die woorde beteken en wat bedoel word daarmee.

Lees nou die volgende zinne en laat die stem opgaan, waar die teken * staan en laat die stem sak, waar die teken † staan.

1. Osse * skape * bokke en wilde beeste het horings †
2. Hansie * Piet * Koos en Andries pas skape op †
3. Die boere ploeg * eg * skoffel * oes en dors †
4. In die vakansie gaan ons naar Pretoria * Johannesburg * Bloemfontein en Kaapstad †

## 15.

## OPGAWE.

Skrijf die les nou oor en plaas kommas vir die teken * en punte vir die teken † .

## 16.

## OPGAWE.

Skrijf, waar dit nodig is, Hoofletters, Punte en Kommas:—

1. as ons gesond wil wees moet ons slaap rus werk en speel
2. dit is gevaarlik om groen perskes pruime appelkose druiwe en appels te eet
3. die kalwers is mooi vet gesond en sterk
4. jan rap en sij maats piet paul en klaas maak die seun vrinde mee
5. die grootste riviere van suidafrika is die oranjerivier die limpoporivier en die krokodilrivier
6. in ons land woon afrikaners in engeland engelse in ierland iere in holland hollanders in frankrijk franse en in duitsland duitsers
7. junie julie en augustus is die koudste maande en desember januarie en februarie is.die nste maande van die jaar

## 17.

## SINNE IN GROEPE.

*Skrijf Hoofletters, Punte en Kommas.*

1. anna hendrik en gert van graan het maandag dinsdag woensdag en donderdag uit die skool geblij — vrijdag môre sê hulle dit was te nat om skool toe

te kom — meester is nie tevrede nie — hij sê hulle sal nie smelt nie want hulle is nie van pap-deeg suiker of soetkoek gemaak nie —

2. ons gebruik baie muntstukke soos die pennie trippens sikspens halfkroon pond en so voort — op elke muntstuk is 'n afbeelding van die koning — die grootste munt is die kroon die kleinste is die trippens maar die pond het die hoogste waarde —

3. die boer is 'n man wat op 'n plaas woon — hij het perde skape beeste en hoenders — sij lande ploeg eg en saai hij — hij saai mielies koring hawer en plant pampoene ertappels boontjies kool en uie — in die somer oes en dors hij en rij die grane weg — die perde kan hij rij of in die kar span — die osse trek die wa die ploeg die eg of die skotskar — die koeie word gemelk en die kalwers staan in die hok —

## 18.

## VERKLEINWOORDE.

1. Uitgang *ie*.

'n Klein huis noem ons 'n huis*ie*.
'n Klein muis noem ons ..............
'n Klein boek ..............
'n Klein koek ..............
'n Klein wolk ..............
'n Klein vark ..............
'n Klein dorp ..............
'n Klein lamp ..............
'n Klein kèrs ..............

2. Laaste letter verdubbeld:—

'n Klein kop noem ons 'n kop*pie;*

'n Klein pop noem ons ..............

'n Klein vis noem ons ..............

'n Klein tak ..............

'n Klein bok ..............

'n Klein hok ..............

'n Klein stuk ..............

'n Klein bek ..............

'n Klein blik ..............

'n Klein stok ..............

3. Die klinker word enkeld:—

'n Klein *oog* noem ons 'n *ogie;*

'n Klein skaap ..............

'n Klein roos ..............

'n Klein baas ..............

'n Klein haas ..............

'n Klein roof (van 'n seer) ..............

'n Klein neef ..............

'n Klein saag ..............

'n Klein aap ..............

'n Klein graaf ..............

19.

## VERKLEINWOORDE.

*a*. Agtervoegsel *pie* na *m* en *rm*:—

'n Klein boom noem ons 'n boom*pie*.

'n Klein raam ...............

'n Klein duim ...............

'n Kort riem ...............

'n Klein besem ...............

'n Kort derm ...............

'n Klein wurm ...............

'n Klein swerm ...............

*b*. Agtervoegsel: tjie. (Na *r, el, en*.)

'n Klein deur noem ons 'n deur*tjie*.

Hoe sal jij nou die volgende noem?
'n Klein skeur, sker, boor, hamer, kamer, lepel, kuiken.

*c*. Agtervoegsel:— *etjie*. (m, n, l, r, na 'n kort klank.)

'n Klein kom noem ons 'n komm*etjie*.

'n Klein bol noem ons 'n boll*etjie*.

Hoe sal jij nou die volgende noem?
'n Klein tol, val, stem, ton, tor, kin, pen, stam, pan, dam, blom, kol, ster.

## 20.

## OP DIE PLAAS.

Dis vroeg in die môre. Dit word lig. Die vooltjies roer in die takke. Hulle fluit. Die haan klap met sij vlerke. Hij kraai. Die hond roer aan sij ketting. Hij blaf. Die kalwers bulk in die kalwerhok. Die koëie in die kraal gee antwoord. Die perde in die stal word ook woelig; hulle runnik. Daar het 'n hen al 'n eier gelê. Hoor, hoe kekkel sij! Nou begin die skape ook en bler. Die kat kom bij die voordeur uit en mauw. In die spruit en bij die dam snater die ganse en kwek die eende. Orals hoor jij geluide.

## 21.

## WATTER GELUIDE MAAK HULLE?

| | |
|---|---|
| Die vooltjies ...... | Die honde .... |
| Die kat ..... | Die kalwers .... |
| Die koeie ..... | Die haan ..... |
| Die hen .... | Die ganse .... |
| Die perd ..... | Die skape .... |

Die eende .....

## 22.

## DIE BOOM.

1. Hier sien ons 'n boom. Dit is al 'n ou boom. Sij stam is dik. Sij takke brei uit naar al die kante. Kijk sij dik wortels, half bo die grond. Maar hulle gaan diep in, glo mij.

2. Hoog is die boom, ek kan met 'n klip nie so hoog gooi nie.

3. Dik is die stam; twee van ons kan hom met ons arms nie omvat nie.

4. Waar die tak uit die stam spruit, is hij dik. Stadig aan wôrd hij dunner, maar gee weer ander takkies, wat nog dunner is. Aan die takkies is blare en spruite, wat nog blare sal gee.

5. Die stam het 'n dik, growwe bas; hij is ruw. Die takke het 'n gladde bas. Stam en takke is bruin. Uitspruitsels en blare is groen. Dis waarlik 'n mooi boom!

## 23.

## DIE BOOM.

*a.* Hoe is die boom?

1. Die boom is oud. Die boom is dik. Die boom is hoog. Die boom is mooi.

2. Nou, dis nie mooi nie om te sê, die boom is so of so en maar altijd dieselfde woord te gebruik nie. In plaas van die boom kan ons sê:— *hij.*

Nou skrijf ons dit weer:—

Die boom is oud. Hij is dik. Hij is hoog. Hij is mooi.

3. Ons kan dit nog korter uitdruk:—

Hierdie boom is oud. Hij is dik, hoog en mooi.

*b*. Hoe is die takke?

1. Die takke is dik waar *die takke* uit die stam spruit. Dan word *die takke* dunner en ander klein takke spruit *uit die takke*.

2. Probeer dit verander:—

Die takke is dik, waar ..... uit die stam spruit. Dan word ..... dunner en ander takkies spruit ...

24.

## HOE IS HULLE?

Die boom is .......

(3 sinnetjies uit les 26.)

Die stam ......

(3 sinnetjies.)

Die takke .......

(3 sinnetjies.)

## 25.

## F en W

Voorbeelde:—

Ek lee*f*; ons le*w*e is kort. Ek het mij kind lie*f*; mij lie*w*e kind.

maar:—

Die pad is do*f*; die do*ww*e pad.

Hier kan ons nou sien:—

1. na 'n lang klank kom 'n enkelde *w*;
2. na 'n kort klank 'n dubbelde *w*.

Invul:—

Ek het vandag maar net een brief gekrij, maar mij pa het ses ——— gekrij. Jan moet nog 'n opstel skrijf; Pieter het sijne klaar ge———. Die wind waai die stof op; die st——— staan agter hom soos hij hardloop. Koos is laf; hij is regtig 'n l——— vent. 'n Druif is 'n lekker vrug; ons het vanjaar baie dr———. Maak vuur in die stoof; laat die vleis nog 'n bietjie st———. Hij wat steel is 'n dief; die d——— sal bij ons niks krij nie. Kijk, daar vlieg 'n duif; mijn broer Piet het 'n hok vol d———. Daardie kind verdien 'n goeie straf; meester moes gister baie str——— uitdeel.

## 26.

## DIE VRAAGTEKEN.

Daar is nog 'n ander leesteken, wat ons dikwels aantref. Dit is die *Vraagteken*. Die vraagteken is 'n krom merkie, wat net soos 'n sekel lijk, of 'n *s*, wat

agterstevoor geskrijwe is, en wat bo-op 'n punt staan. Hierdie teken staan altijd aan die end van 'n sin, waarin 'n mens 'n vraag stel.

*Opgawe*:— Skrijf nou in hierdie sinnetjies die vraagtekens en die hoofletters, waar nodig.

1. wat is jouw naam wat is jouw van
2. waar woon jij hoe oud is jij
3. het jij gehoor wat meester gesê het
4. waarom antwoord jij nie
5. mag ik huistoe gaan
6. hoe oud is piet
7. wanneer verjaar hendrik
8. wie se boeke het anna daar
9. gaan jij saam kaap toe
10. suidafrika is 'n lekker land nè

## 27.

## VERDER GEBRUIK VAN DIE KOMMA.

Bind die onderstaande sinnetjies saam in *een* sin, deur kommas in te voeg, waar nodig.
Voorbeeld:

Perde is nuttige diere.
Beeste is nuttige diere.
Skape is nuttige diere.
Hoenders is nuttige diere.

Sin:— Perde, beeste, skape *en* hoenders is nuttige diere.

1. Leeuws is gevaarlik. Wolwe is gevaarlik. Tiers is gevaarlik.

2. Die Vaalrivier is 'n groot rivier. Die Oranjerivier is 'n groot rivier. Die Krokodilrivier is 'n groot rivier.

3. Koos is 'n slim seun. Koos is 'n gehoorsaam seun. Koos is 'n goeie seun. Koos leer sij lesse goed.

4. Seep smelt in water. Sout smelt in water. Soda smelt in water. Suiker smelt in water. Salpeter smelt in water.

5. Die boer braak sij lande. Die boer ploeg sij lande. Die boer saai sij lande. Die boer eg sij lande.

6. Die bij het twee wonderlike oë.
Die bij het ses krom bene.
Die bij het ses dun bene.
Die bij het twee klein vlerkies.

28.

## WAT JAN DOEN.

Jan word vroeg wakker. Hij staan op en trek sij klere aan. Hij was hom en kam sij hare. Hij maak sij skoene skoon en dan trek hij hulle-aan. Dan was hij weer sij hande en soek sij boeke bijmekaar. Dan gaan hij eet.

A. Jan vertel aan tafel, wat hij gedoen het:—

Ek het vroeg ....... Toe het ek .......

B. Ma vra aan Piet, die 'n bietjie stadig is, of hij dieselfde gedoen het:—

Het jij vroeg ........

C. Jan en Piet is eerste bij die skool. Die meester is 'n bietjie verwonderd, maar Jan vertel:—

Ons het vroeg ...... Toe het ons ........

D. 'n Paar kinders kom te laat. Die meester vertel hulle die storie van Jan en Piet:—

Jan en Piet het ...... Toe het hulle .......

E. As die skool uitgaan, vermaan die meester:—

Julle moet algar vroeg ....... Dan moet ......

29.

## WAT SABIEN DOEN.

Sabien is ons meid. Sabien moet huis aan die kant maak en kook, was en strijk.

Vertel wat sij moet doen:—

1. Die huis.

   Sij veeg die vloere met .......

   Sij moet die matjies en velletjies .......

   Sij moet die stoële reg ......

   Sij moet al die meubels met 'n doek goed .......

2. Die kos.

   Sij moet in die stoof ......
   Sij moet die groen boontjes ........ en .......
   Die ertappels moet sij .......
   Die vleis moet eers ....... en dan .......

Ma vra aan Sabien:—

1. Het jij die vloere ....... Het jij die matjies en velletjies .......
2. Het jij al ....... in die stoof
   Maak so van al die eerste sinnetjies vrae en vergeet nie, wat daar aan die end moet kom nie.

30.

## MA GAAN KUIER.

Solank ma weg is, moet Sabien was en strijk. Sij moet water koek, seep daarin smelt, die wasgoed goed skoon vrijwè, in skoon water uitspoel, blouwsel en stijsel gee en ophang om te droë. Dan moet sij vuur maak vir die strijkijsters en as hulle warm is, moet sij al die goed mooi glad strijk, opvouw en bêre.

Ma kom thuis en Sabien vertel:—

Ek het water ......., seep daarin ....... en die wasgoed skoon ........ en in skoon water ....... Waar dit nodig was, het ek blouwsel en stijsel ...... en alles toe ........ om te ....... Toe het ek vuur ...... om die strijkijsters ....... en alles mooi glad ....... Dis nou alles klaar om ....... en ....... te word.

31.

## DIE HOND.

Skrijf sinnetjies oor jouw eie hond.

Vertel iets van:—

1. sij kleur,
2. sij naam,
3. sij hare,
4. sij pote,
5. sij naels,
6. sij ore,
7. sij tande,
8. sij kos,
9. wat hij doen,
10. wat hij kan leer,
11. hond en haas,
12. hond en kat.

Voórbeeld:

1. Mij hond se kleur is swart.
2. Sij naam is ........
3. Hij het lang hare. Ens.

32.

DIE KAT.

Skrijf nou ook sinnetjies oor jouw kat. Jij kan dieselfde woorde gebruik, maar No. 11 word kat en muis en No. 12 word kat en hond.

33.

VERKLEINWOORDE.

Hoe noem ons hulle, as hulle klein is?

perd, os, man, vrouw, seun, dogter, oom, tante, gras, woning, ertappel, bult, potlood, pen, sening, brak, pruim, pijp, skoen, druppel, rivier, dam, blom, skep.

Voorbeeld:— 'n Klein perd noem ons 'n perdjie.

34.

MA EN BOETIE.

As Ma met ons klein Boetie praat, gebruik sij baie verkleinwoorde, *liewe* woordjies:—

Daar hoor ek jouw *boet* huil. Loop, haal hom en breng hom hier. Kom maar bij jou *ma,* mij *skaap.*

Wát makeer dan? Het mij *seun* geval? Het hij sij *tone* gestamp? Sij *knieë* stukkend geval of sij *hande?* Is sij *vingers* seer? Het hij op sij *neus* geval of sij *kin?* Ag nee, nou sien ek, op sij *mond!* Daar kom bloed uit. Sij *tande* het teen sij *tong* gekom. Arme *bek!*

Opgawe. Skrijf dit af, maar verander die woorde, wat Ma anders sal sê.

## 35.

## MA EN SUSSIE.

Hoe sal jij les 40 afskrijwe as die kleintjie nou nie 'n boetie is nie, maar 'n sussie?

## 36.

## ONS *LAM.*

Ons *lam* bler, ons *lam* bler,
Hij 't weggeloop ver van die huis.
  Hij stamp hom teen 'n *steen,*
  Nou huil hij oor sij *been.*
Ag, ag, dis mos 'n kruis; ag ja,
  Dit is 'n bitter kruis.

Ons *lam* bler, ons *lam* bler,
  Hij 't weggeloop ver van die huis.
Hij stamp hom teen 'n *hek,*

Nou huil hij oor sij *bek.*
Ag tog, dis mos 'n kruis, ag ja,
Dit is 'n bitter kruis.

Kom *lam,* kom! Kom, *lam*, kom!
Ek sien mos nog nie bloed nie.
Maar, *kêrel,* laat jou raaie,
Loop nooit op vreemde paaie.
Dit is vir jou nie goed nie, nee,
Dit is vir jou nie goed nie.

Opgawe: Kijk of die versie met verkleinwoorde nie beter sal klink nie en skrijf dit af.

37.

## ONS LAMMETJIE.

Vertel nou self, wat ons lammetjie oorgekom het, toen hij wegloop van die huis af. Gebruik weer die verkleinwoordjies. Skrijf altijd mooi kort sinnetjies.

38.

## NET BAARD EN HARE.

Lees dit:—

1. Een dag was *daar* 'n dogtertjie met die naam van Sannie van Graan. Sij was omtrent drie jaar oud.

2. Sannie het *nog nooit* haar oupa gesien nie.

3. Een dag neem *haar ma* haar saam na die dorp toe, waar haar oupa woon.

4. Toe hulle bij die huis stil hou, staan *haar oupa* vir hulle en wag voor dié deur.

5. Haar ma soen *toe* die oom, maar Sannie staan maar stip na hom en kijk.

6. Toe vra *haar ma* vir haar, waarom sij haar oupa nie soen nie.

7. Sannie sê *toe*, dat sij nie 'n mond kon sien nie; daar was net baard en hare.

## 39.

## NET BAARD EN HARE.

Antwoord hierdie vrae:—

1. Wat was die naam van die dogtertjie?
2. Hoe oud was sij?
3. Wie het sij nog nooit gesien nie?
4. Waar het haar oupa gewoon?
5. Waarnatoe het Sannie haar ma eendag gegaan?
6. Vir wie het sij saam geneem?
8. Waar was haar oupa, toe hulle bij die huis stil hou?
9. Wat het haar ma gedoen, toe sij af geklim het van die kar af?
10. Wat het Sannie gedoen?
11. Wat het haar ma vir haar gevra?
12. Waarom het Sannie nie vir haar oupa gesoen nie?

40.

## OPGAWE.

Skrijf die verhaaltjie weer oor, maar begin elke sin met die woord, wat met skuin letters gedruk is.

41.

## SANNIE VERTEL.

Vul aan:—

1. Mij naam is ———.

2. Toe ek 'n ——— was van ——— jaar, het ek nog nie ——— ——— ——— ———.

3. Eendag het ——— ma vir ——— saam geneem na die dorp toe, waar ——— oupa woon.

4. Toe ——— bij die huis stil hou, staan daar 'n ——— vir ——— en wag.

5. ——— ma soen die oom, maar ——— het maar net stip naar ——— staan en kijk.

6. ——— ma vra vir ——— toe:— „Sannie, waarom soen ——— nie vir ——— Oupa nie?"

7. Ek sê toe: „ ——— kan nie 'n mond sien nie. Daar ——— ——— ———."

## 42.

## SANNIE HAAR MA VERTEL.

Vul in:—

1. ——— dogtertjie Sannie was al drie ——— oud voor ——— ——— oupa gesien het.

2. Een dag het ——— haar saam geneem na die dorp toe, waar ——— oupa woon.

3. Toe ons bij die ——— stil hou, staan ——— oupa vir ——— en wag voor die deur.

4. ——— soen toe vir ——— pa, maar Sannie ——— net stip naar ——— en kijk.

5. ——— vra toe vir ——— :— „ Sannie, waarom ——— ——— ——— ———? "

6. Sannie sê toe vir ——— :— „ Daar is ——— ——— ———."

## 43.

## DIE OUPA VERTEL.

Vul in:—

1. Mij ——— dogtertjie Sannie van Graan was al ——— ——— oud voor ——— vir ——— gesien het.

2. Een dag het ——— ma vir ——— saamgebring na die dorp toe, waar ——— woon.

3. Toe hulle bij die huis ———, staan ——— vir ——— en wag voor die deur.

4. Sannie ——— ma soen vir ———, maar Sannie staan net stip naar ——— en kijk.

5. Haar ma vra toe vir ———, waarom sij nie vir ——— soen nie.

6. Sannie sê toe, dat ——— nie 'n ——— kon sien nie. Daar ——— net baard en ———.

44.

## DIE SLIM SEUN EN SIJ SUSTER.

Lees dit:—

1. Kinders, wat onverskillig is, maak hulle *partijkeer* baie seer.

2. Een aand het *'n klein meisie* in die slaapkamer met 'n kers en vuurhoutjies gespeel. Dit was *stout* en ook baie gevaarlik.

3. Haar nagjurkie slaan *skielik* aan die brand en sij begin hard te skree.

4. Gelukkig hoor *haar broer* Hendrik haar. Hij vlieg die kamer in en probeer haar red van die vlamme.

5. Hij grijp *gouw-gouw* die kombers van die bed af, gooi sij sussie plat op die vloer en rol haar toe stijf toe in die kombers.

6. Op die manier het *Hendrik* die vlamme doodgedruk en die lewe van sij sussie gered.

45.

## OPGAWE.

Skrijf die storie weer oor, maar begin elke sin met die woord, wat kursief is. Verklaar ook, wat kursief is. Sien les 40.

## 46.

## DIE SLIM SEUN EN SIJ SUSSIE.

Antwoord die volgende vrae:—

1. Wat gebeur partijkeer met kinders wat onverskillig is?
2. Waarmee het die klein meisie een aand in die kamer gespeel?
3. Was dit goed?
4. Wat het gouw-gouw gebeur?
5. Wat het sij gedoen?
6. Wie het vir haar gehoor?
7. Wat het hij gedoen?
8. Wat het hij van de bed afgeruk?
9. Wat het hij met sij sussie gedoen?
10. Op watter manier het hij gebruik gemaak van die kombers?
11. Waarom het hij dit gedoen?
12. Het hij dit reg gekrij?
13. Watter groot ding het Hendrik vir sij sussie gedoen?

## 47.

## HENDRIK VERTEL.

Vul in:—

1. Kinders, wat onverskillig is, maak hulle partijkeer baie ———.
2. Een aand het ——— sussie in die slaapkamer met 'n ——— en ——— gespeel.

3. ——— nagjurkie het ——— aanbrand geraak, en ——— het hard begin en ———.

4. ——— hoor haar, ——— die kamer in en ——— haar ——— red van die vlamme.

5. ——— grijp die kombers van die bed af, ——— ——— sussie plat op die vloer en ——— ——— stijf toe in die kombers.

6. Op die manier het ——— die vlamme ——— en ——— sussie ——— lewe gered.

## 48.

## HENDRIK SE SUSSIE VERTEL.

Vul in:—

1. ——— was nog baie klein en dom en on———, en het vir ——— amper baie seer gemaak.

2. Een aand het ——— in die slaapkamer met 'n ——— en ——— gespeel.

3. ——— nagjurkie het aanbrand geslaan en ——— het hard begin en skree.

4. ——— broer Hendrik het vir ——— gehoor. ——— vlieg die kamer in en probeer ——— red van die vlamme.

5. ——— ruk die kombers van die bed af, gooi ——— plat op die vloer en rol ——— stijf toe in die kombers.

6. Op die manier het ——— ——— die vlamme doodgedruk en ——— lewe gered.

49.

## VERTROUWE IN HAAR OUMA.

Lees dit:—

1. Op 'n seker aand sit *klein Alie van Niekerk* in die eetkamer en speel. Sij het *'n klompie okerneute* in haar voorskoot en is besig om hulle te tel.

2. Haar ouma sit *voor die venster* en kouse stop. Kort-kort kijk *sij* op om te sien, wat Alie maak.

3. 'n Tijdjie daarna vra *Alie* vir haar ouma, of sij okerneute eet.

4. Haar ouma sê vir haar, *sij kan* nie, want sij het nie meer tande nie.

5. Alie spring *toe* op en gooi al die okerneute uit in haar ouma haar skoot.

6. Op dieselfde tijd sê *sij* vir haar ouma, sij kan haar vertrouw met die okerneute, tot sij klaar gespeel het buitekant.

50.

## OPGAWE.

Skrijf die storie oor, maar begin elke sin met die woord, wat kursief is.

51.

## VERTROUWE IN HAAR OUMA.

Antwoord hierdie vrae:—

1. Wat het Alie van Niekerk in die eetkamer gedoen?
2. Wat het sij in haar voorskoot gehad?
3. Wie het bij die venster gesit?
4. Waarmee was haar ouma besig?
5. Wat het haar ouma kort-kort gedoen?
6. Wat het Alie vir haar ouma gevra?
7. Wat het haar ouma geantwoord?
8. Wat het Alie gedoen?
9. Wat het sij op dieselfde tijd vir haar ouma gesê?

52.

## OPGAWE.

Vul in:—

1. Alie en haar ouma sit in die ——.
2. Alie tel ——, wat sij in haar voorskoot het en haar ouma —— kouse.
3. Alie sê: „Ouma, eet Ouma ——?"
4. Haar ouma antwoord:— „Nee, Alie, ek ——."
5. Alie spring toe op en —— die okerneute uit in haar ouma haar skoot en sê:— „—— kan vir Ouma met die okerneute —— tot —— klaar gespeel het buitekant."

## 53.

## ALIE HAAR OUMA VERTEL.

Vul aan:—

1. Op 'n seker aand het ——— kleindogtertjie Alie van Niekerk in die eetkamer gesit en speel.

2. ——— het 'n klompie okerneute in ——— voorskoot gehad en was besig om hulle te tel.

3. ——— het voor die venster gesit en kouse stop.

4. ——— het kort-kort opgekijk om te sien, wat Alie maak.

5. 'n Tijdjie daarna vra Alie vir ———, of ——— graag okerneute eet.

6. ——— sê toe vir ———, ek kannie, omdat ——— nie meer tande het nie.

7. Alie spring toe op en gooi al die okerneute uit in ——— skoot. Op dieselfde tijd sê sij vir ———, sij kan vir ——— met die okerneute vertrouw, tot ——— klaar gespeel het buitekant.

## 54.

## 'N NUWE GEBRUIK VIR DIE POP SE HARE.

Lees dit:—

1. Klein Gert van Tonder vier net sij vierde verjaardag.

2. Sij Pa het vir hom 'n mooi groot hoppelperd gekoop vir 'n verjaardag-present.

3. Gertjie is net hoogs in sij skik. Hij gee die perd die naam van „Kolbooi."

4. Als hij so op sij perd sit, verbeel hij hom, dat hij mijle en mijle agter mekaar afrij; hij word nooit moeg van resies ja nie.

5. Hij paai sij perd en prijs hom en praat ure lank met hom.

6. Eendag vra hij vir sij suster Dora om vir hom 'n paar lokke van haar pop se goue hare te gee.

7. Dora vra vir hom, wat hij daarmee wil maak.

8. Hij sê vir haar, dat hij sij perd se stert uitgetrek het en hij wil 'n nuwe stert aansit.

55.

## SUSTER DORA VERTEL.

Vul in:—

1. ——— broertjie Gert het net ——— vierde verjaardag gevier.

2. ——— Pa het vir ——— 'n mooi groot hoppelperd gekoop.

3. Gertjie was net in ——— skik en het die ——— die naam ——— van „Kolbooi."

4. Als hij so op sij perd sit, verbeel ——— hom, dat ——— mijle en mijle agter mekaar afrij. ——— word nooit moeg van ——— ja nie.

5. ——— paai ——— perd en prijs hom en praat ure lang met ———.

6. Een dag vra hij vir ———, om vir hom 'n paar lokke te gee van ——— —pop se goue hare.

7. ——— vra toe vir ———, wat ——— daarmee wil maak.

8. ——— sê vir ———, dat ——— sij perd se stert uitgetrek het, en ——— wil 'n nuwe stert aansit.

56.

## GERT VAN TONDER VERTEL.

Vul in:—

1. ——— het net ——— vierde verjaardag gevier.

2. ——— Pa het vir ——— 'n mooi groot hoppelperd gekoop vir 'n verjaardag-present.

3. ——— was net hoogs in ——— skik. ——— het die perd die naam van „ Kolbooi " gegee.

4. Als ——— so op ——— perd sit, dan verbeel ——— ———, dat ——— mijle en mijle agter mekaar afrij. ——— het nooit moeg geword van resies ja nie.

5. ——— het ——— perd gepaai en geprijs en ure lank met ——— gepraat.

6. Eendag vra ——— vir ——— suster Dora om vir ——— 'n paar lokke te gee van ——— pop se goue hare.

7. Dora vra: — „Wat wil ——— daarmee maak?"

8. Ek sê: — „——— het ——— perd se stert uitgetrek en wil 'n nuwe stert aansit."

57.

## 'N NUWE GEBRUIK VIR DIE POP SE HARE.

Antwoord hierdie vrae:—

1. Wat het Gert gevier?
2. Van wie het hij 'n present gekrij?
3. Wat was die present?
4. Hoe het Gert die present beval?
5. Watter naam het hij vir die perd gegee?
6. Wat het hij hom verbeel, as hij so op sij perd sit?
7. Waarvan het hij nooit moeg geword nie?
8. Wat het hij ure lang met sij perd gedoen?
9. Wat het hij een dag vir sij suster Dora gevra?
10. Wat wou hij daarmee maak?

58.

## OPGAWE.

Probeer nou die storie vertel met die hulp van die woorde, wat hier gegee is:—

1. Klein Gert van Tonder ——— net ——— verjaardag.
2. Sij Pa ——— hoppelperd ——— verjaardag-present.
3. Gertjie ——— in sij skik. Hij ——— perd ——— „Kolbooi."

4. Als ——— op perd ——— verbeel ——— mijle ——— afrij. Hij ——— nooit moeg ——— ja.

5. Hij paai ——— prijs ——— praat ———.

6. Een dag ——— suster ——— paar lokke ——— pop ——— goue hare.

7. Dora vra ——— daarmee maak.

8. Hij sê ——— perd se stert ——— uitgetrek ——— nuwe.

59.

## DIE APIE.

1. Oom Hans het eenkeer 'n apie gehad. Die diertjie is altijd bij en om hom. Hij kijk altijd wat sij baas doen, en dan wil hij dit ook doen.

2. Eendag haal mij oom sij skeergereedskap uit om hom te skeer. Hij laat warm water bring, sit die kwassie, seep en mes reg en bind 'n handdoek oor sij bors. Apie sit alles mooi en aankijk.

3. Oom smeer met die kwassie seep aan sij gesig en as dit so 'n rukkie geduur het, vat hij die mes en skeer sij baard af.

4. Net soos oom klaar is, roep iemand uit 'n ander kamer en oom gaan kijk, wie hom nodig het.

5. „Nou is dit mij kans," dink Apie. Hij spring op 'n stoel, vat die skeerkwas en smeer sij gesig vol seep. Hij spuug 'n bietjie, as hij die seep proe, maar hij hou tog aan. Dan vat hij die mes en nou kon jij 'n mooie spul sien.

6. Hij gee hom 'n goeie haal en snij somaar 'n hele lap vel van sij gesig, sodat bloed en seep deurmekaar

loop. Nou smijt hij die mes weg en begin hard skree. Oom Hans kom haastig weer terug en moes lag, toe hij die aap sien.

7. „Hoekom is jij so dom?" sê Oom.

Hij het hom gouw 'n bietjie gedokter en naderhand altijd eers sij skeergoed gebêre.

8. Van die dag af was apie bang vir 'n mes, veral vir 'n skeermes.

## 60.

## DIKTEE.

Apie, diertjie, skeermes, kwassie, gereedskap, handdoek, gesig, rukkie, iemand, nodig, spring, deurmekaar, haastig, gedokter, naderhand.

## 61.

## OOM HANS VERTEL.

Ek het een keer . . . . . ens.

62.

## OPGAWE.

Vul in:—

1. Oom Hans had ——— ——— ———.
2. Die apie wil alles doen, wat ——— ———.
3. Een dag wil Oom Hans ——— ——— ——— ———.
4. Die skeergereedskap bestaan uit ———, ———, ———, en ———.
5. Oom bind ——— ——— ——— ———.
6. So blij sij klere ——— ———.
7. Hij staan voor ——— ——— ———.
8. As hij klaar is, gaan hij ——— ——— ———.
9. Iemand het ——— ——— ———.
10. Apie het ——— ——— ——— ———.
11. Hij wil nou ——— ——— ———.
12. Hij vat die kwassie en ——— ——— ——— ———.
13. As hij seep in sij bek krij ——— ——— ——— ———.
14. Nou snij hij homself ——— ——— ———.
15. Hij skree en gooi ——— ——— ———.
16. Oom kom binne en sê:— ——— ——— ——— ——— ———.
17. Oom moes hom ——— ——— ———.
18. Van die dag af ——— ——— ——— ——— ———.

## 63.

### DIE EEN DIT, DIE ANDER DAT:—

1. Oom is *groot;* die apie is ——— ———.
2. Die aap is *dom;* Oom is ——— ———.
3. 'n Aap het 'n *bek;* Oom het ——— ———.
4. Oom is 'n *mens;* 'n aap is ——— ———.
5. Oom *skeer* homself; die aap ——— ——— ———.
6. Die aap *skree;* Oom ——— ———.

## 64.

### OPGAWE.

| WAT DOEN OOM? | WAT DOEN DIE AAP? |
|---|---|
| 1. Oom haal sij .... | 1. Apie kijk .... |
| 2. Oom wil .... | 2. Die aap ..... |
| 3. Hij laat ...... | 3. |

Soek so uit les 59 alles wat Oom doen en wat die aap doen en skrijf dit in 2 rijtjies langs mekaar.

## 65.

### OPGAWE.

1. Soek uit die negen-en-vijftigste les die name van mense, diere en dinge. Ons noem hulle *naamwoorde.*

2. Soek nou ook die woorde, wat sê, wat gedoen word. Ons noem hulle *doenwoorde* of *werkwoorde.*

66.

## MESSE.

1. Oom skeer met ——— ——— ———.
2. Ma snij brood met ——— ——— ———.
3. Ek maak 'n punt aan mij potlood met mij ——— ———.
4. 'n Slagter het 'n ——— ——— ———.
5. Bome word gesnoei met ——— ——— ———.
6. Aan tafel gebruik ons ——— ——— ———.
7. Ek snij 'n tak af met mij ——— ———.

67.

## DIE KAT.

Lees dit:—

1. Die kat is 'n huisdier.
2. Huisdiere is diere, wat nabij die huis blij en wat mak en nuttig is.
3. Die kat speel graag met touwtjies, papiertjies, lappies of garing-tolletjies.
4. Die kat se kop is rond, sij lijf is langwerpig en baie slap, en sij hare is sag.
5. Die kat se oë is baie wonderlik, want hij kan net so goed sien in die nag as in die dag.
6. As die lig skerp is, is die kat se oogappel net 'n nouw strepie, maar in die donker is dit wijd ope en rond.

7. Onder sij pote het die kat sagte kussings. Dit maak dit moontlik vir hom om so sag en stil te loop, dat die skerpste oor hom nie kan hoor nie.

8. Aan elkeen van sij pote het die kat vijf krom skerp naels.

9. As die kat loop, trek hij sij naels in die kussings in, sodat hul nie kan slijt en beskadig word nie.

10. Die kat is baie op sij gemak gesteld, en hou daarvan om op die sagste en warmste plekkies te lê en slaap.

11. Die kat hou meer van die huis as van die mense; daarom blij hij baie keer agter as die mense wegtrek.

12. Die kat is nie so getrouw as die hond nie. Hij is vals.

13. Die kat is 'n baie sindelike dier. Hij haat om vuil te wees en was hom tot tien maal op een dag.

14. Die kat hou nie van vreemde honde nie. As hij een sien, dan word hij baie kwaad. Sij hare staan regop en hij blaas van boosheid.

15. Die kat is 'n slim en 'n geduldige jagter. Hij sit ure lang voor 'n muisgat en wag tot die muis uitkom. So snel as die blits slaan hij dan sij skerp naels in die arme muisie se rug.

16. 'n Mens sou dink, dat die kat 'n baie sagaardige dier is. Maar dit is nie so nie. Kijk maar, hoe wreedaardig hij die arme, half dooie muisie mishandel! En hoor, hoe hij brom en blaas van boosaardigheid.

17. Buite op die werf en in die tuin wijs die kat, hoe slim en knap hij sij prooi kan bekruip. Terwijl die vooltjie die korreltjies oppik, kruip die kat saggies en stilletjies nader. As hij nabij genoeg is, maak

hij 'n geweldige sprong, en voor die arme ou vooltjie kan wegvlieg, slaan die kat sij naels diep in sij sagte liggaampie.

18. Al is die kat wreed en vals, tog is hij 'n nuttige dier, want hij vang rotte en ander skadelike diere.

## 68.

## DIE KAT.

Antwoord hierdie vrae:—

1. Watter soort dier is die kat?
2. Waarom noem ons hom 'n huisdier?
3. Waarmee speel die kat graag?
4. Hoe lijk die kat se lijf?
5. Hoe lijk die kat se kop?
6. Is sij lijf slap of is dit stijf?
7. Hoe is sij hare?
8. Waarom is die kat se oë so wonderlik?
9. Hoe lijk die oogappel, as die lig baie skerp is?
10. Waarom kan die kat so sag loop?
11. Waarom slijt sij naels nie soos die van die hond nie?
12. Watter plekkies hou die kat die meeste van?
13. Is die kat getrouw of is hij vals?
14. Waarom sê ons, dat die kat 'n sindelike dier is?
15. Wat doen die kat, as hij 'n vreemde hond sien?
16. Waarom sê ons, dat die kat 'n geduldige jagter is?
17. Waarmee vang die kat sij prooi?

18. Wanneer kan ons sien, dat die kat boosaardig en wreed is?
19. Wanneer kan ons sien, dat die kat 'n slim en knap jagter is?
20. Wat doen hij, as hij 'n vooltjie op die werf wil vang?
21. Waarom sê ons, dat die kat 'n nuttige dier is?

## 69.

## OPGAWE. DIE KAT.

Vul in:—

1. Die kat is 'n ———.
2. Hij blij bij die ——— en hij is ———.
3. Die kat speel graag met ———, ——— en ———.
4. Die ——— se kop is ———, sij ——— is langwerpig en sij hare is ———.
5. Die kat se ——— is baie wonderlik. In die ——— is die appel van sij ——— net 'n strepie, maar in die ——— is dit ——— en ———.
6. In die ——— kan die kat net so ——— sien als in die ———.
7. Die kat kan baie ——— loop, omdat hij ——— onder sij ——— het.
8. Sij naels is ——— en ——— . As hij loop, ——— trek hij hulle in, sodat hulle nie kan ——— nie.
9. Die kat hou van die ——— en ——— plekkies in die huis.
10. Hij hou meer van die ——— as van die ———.

11. Die kat is nie so as die hond nie; hij is ———.

12. Die kat is 'n baie sindelike dier. Hij ——— om vuil te wees. Hij ——— hom tot tien ——— op een dag.

13. Vreemde ——— hou hij niks van nie. As hij een sien, dan word hij ———; sij ——— staan regop en hij ——— van ———.

14. Die kat wag ——— (hoe?) tot die muis uitkom. Hij kap so ——— as die blits en ——— die muis met sij ——— naels.

15. As die kat met 'n half dooie ou muisie speel, kan 'n mens sien, dat hij 'n ——— dier is. Hij ——— die arme diertjie op 'n gruwelike manier.

16. Die kat be- ——— die vooltjie op die ——— of in die ———. Hij is 'n ——— en ——— jagter. Hij maak 'n ——— sprong en vang die ——— met sij ——— naels, voor hij kan ———.

70.

## DIE KLAAGLIED VAN DIE KAT.

Ek is maar 'n arme ou kat;
Krij niemand ooit jammer vir mij?
Hulle skop mij nou hier en dan daar!
Weet iemand ooit, wat ek moet lij?
Miauw!

Ek hou tog so baie van vleis,
Maar als ou-nooi dit stukkend gaan snij
En ek op die tafel wil spring,
Dan slaan sij en skree sij: „Sie jij!"
Miauw!

En baie maal het ik so dors,
En melk is so swaar om te krij,
Maar ou melk is al, wat hul gee;
Krij iemand ooit jammer vir mij?
Miauw!

En kom mij mij vrinde besoek
En sing ons van blijdskap 'n lied,
Dan steek hul' ons onder die klippe!
So eindig ons vreug in verdriet.
Miauw!

Daar vat een mij weer aan mij nek
En sê vir mij:— „Daar's die muis, vang!"
Kan ek in sij gaatjie gaan inkruip?
Nou moet ek maar wag, ure lang!
Miauw!

Opgawe: Leer die versies van buite en leer om di.. mooi te sê.

## 71.

## TEENSTELLINGS.

1. Die hond is groot, maar die kat is ———.
2. Die hond is getrouw, maar die kat is ———.
3. Die hond waak, maar die kat ———.
4. Die hond jag hase, maar die kat ——— ———.
5. Die hond is goedaardig, maar die kat is ———.
6. Die olifant is sterk, die muis is ———.

7. Die hond se naels is stomp, die kat se naels is ———.

8. Die oom is al oud, die kind is nog ———.
9. Die kerktoring is hoog, die strooihuis is ———.
10. Papier is wit, die pot is ———.
11. Die see is diep, die dam is ———.
12. Lood is swaar, kurk is ———.
13. In die nag is dit donker, in die ——— is dit ———.

15. So rond als 'n ——— , en so ——— als 'n pannekoek
14. Suiker is soet, asijn is ———.
16. Die kat is gouw, die trapsoetjies is ———.
17. Die haarnaald is krom, die stopnaald is ———.
18. Goud is duur, hout is ———.
19. Seep is glad, die klip is ———.
20. Die skeermes is skerp, die kouter is ———.
21. 'n Klip is hard, wol is ———.
22. Water is nat, kurk is ———.
23. Die kat is slim, die skaap is ———.
24. IJs is koud, die vuur is ———.
25. Bloed is rooi, 'n laken is ———.

## 72.

## VERGELIJKINGS.

Vul in:—

1. So getrouw as die ———, so vals as die ———.
2. So sterk as die ——— en so ——— als die muis.
3. So hoog as 'n ———.

4. So wit as ———.
5. So swart as die ———.
6. So diep as die ———.
7. So swaar as ———.
8. So donker as die ———.
9. So lig as die ———.
10. So soet as ———.
11. So suur as ———.
12. Soos bloed so ———.
13. Soos melk so ———.
14. Soos ——— so swaar.
15. Soos 'n ——— so hoog.
16. Soos 'n ——— so rond.
17. So plat as 'n ———.
18. Die vleis is so ——— as hondevel.
19. Die brood is so hard as 'n ———.
20. So droog as ———.
21. So stadig as 'n ———.
22. So gouw as die ———.
23. So ——— as 'n haarnaald.
24. So ——— op as 'n kers.
25. So ——— as seep.
26. So skerp as 'n ———.
27. So stomp as 'n ———.
28. So koud as ———.
29. So ——— as vuur.
30. So rooi as ———.
31. So ——— as 'n laken.

73.

## SPELD EN NAALD.

'n Speld en 'n naald was bijmekaar op een kussing gesteek. Hulle het niks te doen gehad nie en daarom het hulle toe maar 'n bietjie rusie gemaak.

„Môre, ou tannie!" sê die naald.

„Ou tannie, ou tannie!" skree die speld, „ek is nie jouw ou tannie nie, hoor jij!"

Naald. „Dis waar, jij is ook eintlik te krom en te lelik om familie van mij te wees!"

Speld. „Wat, jij kom mij beledig in mij eie huis? Loop weg!"

N. „Jouw huis? Mijne net so wel, hoor jij!"

S. „Nee, dis 'n speldekussing; wie het ooit van 'n naaldekussing gehoor? 'n Naaldekoker, ja, maar dis nes 'n tronk!"

N. „Nou, jij het nie nodig om jou so te staan en aanstel nie, jij met jouw groot kop!"

S. Ek *het* tog 'n kop, maar wat het jij?"

N. „Ek het iets, wat meer werd is, ek het 'n oog. En dan is mij lijf ook baie mooier. Kijk, hoe krom en lomp is jij en kijk mij mooi, dun, blink, lijfie; ek is heeltemaal van 'n beter klas as jij!"

S. „Jij is mooi en blink, omdat jij niks uitvoer nie; ek is krom van werk!"

N. „Moenie vir mij beledig nie; netnou bijt ek jouw kop af!"

S. „Raak net aan mij dan steek ek jouw oog uit!"

Toe die rusie op die hoogste was, kom die vrouw. Sij steek 'n draad deur die oog van die naald en sij steek die soom van haar werkgoed met die speld op haar knie vas en al die rusie was op 'n end.

74.

## SPELD EN NAALD.

Skrijf die gesprek af in twee rije langs mekaar:—

Die naald sê:—

„Môre, ou tannie!"

Die speld sê:—

„Ou tannie, ou tannie! Ek is nie jouw ou tannie nie, hoor jij!" ens.

75.

## SPELD EN NAALD.

Invul.

Die speld is nie so mooi as die naald nie. Sij lijf is nie so ..... en so ..... nie. Sij punt is nie so ..... nie. Hij is nie so .... gemaak nie. 'n Speld is gemaak van ...., 'n naald van ..... gij kan 'n speld maklik ...., maar als jij 'n naald wil ...., ...... hij. Die naald se punt is ......, die speld sijne is .....

Met 'n naald kan 'n mens meer doen as met 'n speld. Met 'n speld kan jij net iets vas ...... Met 'n naald kan jij ..... en ..... Met 'n stopnaald kan jij .......... 'n Skoenmaker, 'n tuiemaker, 'n kleermaker, 'n naaister, almaal ... 'n naald.

## 76.

## DIE SPELD (*'n Spreekles*).

Die vrae moet in kort sinnetjies beantwoord word.

1. Wat lê hier op die tafel? ('n pakkie spelde).
2. Wat maak 'n mens met spelde?
3. Waarvan word hulle gemaak?
4. Is spelde almaal ewe lank?
5. Omtrent hoe lank is die langste speld, wat jij gesien het?
6. Hoe lank is die kortste speld, wat jij gesien het?
7. Wat is daar aan die een end van 'n speld?
8. Waarom is dit so gemaak?
9. Wat is daar aan die ander end van 'n speld?
10. Hoekom het 'n speld dit?
11. Is 'n nuwe speld krom?
12. Waarom is nuwe spelde nie krom nie?
13. Hoekom is 'n nuwe speld glad?
14. Waarom het die mense dit so gemaak?
15. Waarom moet 'n nuwe speld blink wees?
16. Kan 'n speld makkelik buig?
17. Is dit goed, dat dit so is?
18. Waar bêre jouw Ma die los spelde? (speldekussing).
19. Hoe lijk 'n hoedspeld?
20. Waarvoor word dit gebruik?
21. Hoe lijk 'n haakspeld?
22. Waarom is dit beter en nuttiger dan gewone spelde?
23. Watter mense dra borsspelde?
24. Is hulle net so goedkoop as ander spelde?
25. Waarom moet 'n mens nie jouw tande met 'n speld krap nie?

77.

## OPGAWE.

Skrijf die antwoorde op bowestaande vrae.

Maar let op:—

1. Gee nommers aan die antwoorde.
2. Begin elke sin met 'n hoofletter.
3. Sit 'n punt aan die end van elke sin.

78.

## DIE SPELD PRAAT.

Vul in die woorde wat uitgelaat is.

1. Mij naam is .....
2. Ek woon in 'n lekker sagte ....
3. Die mense gebruik vir mij om .....
4. Ek is van .... gemaak.
5. Aan die een end het ek 'n ..... en aan die ander end het ek 'n ....
6. Partij van mij maats is baie lank, ander is weer baie .....
7. Partij is blink en wit; ander is .... en ....
8. Partij is dik, ander is . . .
9. Mij kop is stomp, mij punt is .....
10. Nuwe spelde is glad, blink en skerp; ou spelde is ..... of ..... of ....
11. Partij van mij niggies word op die vrouwmense se bors gespeld; hulle is .....

79.

## NAALDE.

Antwoord hierdie vraë:—

1. Hoe koop 'n mens naalde? (Pakkies en nommers.)
2. Wat beteken die nommers? (Lae nommers groot naalde, ens.)
3. Waarvoor gebruik ons naalde?
4. Waarvan word naalde gemaak?
5. Wat is daar aan die een end van 'n naald?
6. Waarom is dit so gemaak?
7. Wat het 'n naald aan die ander end?
8. Waarom is dit so?
9. Waarom is 'n naald glad en blink?
10. Watter vinger moet die naald in die goed indruk?
11. Waarom gebruik 'n mens 'n vingerhoed?
12. Vir watter soort goed gebruik 'n mens dun naalde?
13. Wanneer gebruik ons dik naalde?
14. Hoe lijk 'n rijgnaald, 'n haarnaald, 'n stopnaald, 'n seilnaald? (4 antwoorde.)
15. Waarvoor word hullè gebruik? (4 antwoorde.)
16. Wie leer naaldwerk in die skool?
17. Waarom leer hulle dit?

80.

## NAALDE.

Vul in:—

Jan het twee p——s' naalde gaan koop. Dit is nommer 5 naalde en baie .... (dik, dun). Mij ma lap die ...... en sus .... die kouse. Naalde word van ......... Hulle ..... maklik. Die .... word deur die ...... gesteek. 'n Kameel kan nie deur 'n naald se .... gaan nie. Die naald se punt is ....., Naalde word gebruik bij dik, swaar goed ....., naalde word gebruik bij ...., ..... goed. Naalde moet ..... wees, anders werk hulle nie goed nie. 'n Mens se vinger krij nie .... nie, want daar is 'n .... op. Ons ..... met 'n stopnaald. Dit is 'n ....., ..... naald. (Hoe dit lijk.) Dames steek hulle ...... vas met 'n ..... Mij ma steek 'n band in die skuif met 'n ....... Dit is 'n lang, dik en .... naald. Met 'n ..... naald werk 'n mens mielie-sakke toe. Dit is 'n l-, d-, kr- naald met 'n groot.....

81.

## VAN 'N GROOT HOND EN 'N KLEINTJIE.

Om te lees.

Dis nou vroeg in die môre.
Fluks het heel nag werf opgepas.
Fluks is die waakhond.
Hij is nou moeg en wil slaap.

Op die stoep lê 'n skaapvel.

Dis vir Ma haar voete, as sij daar agtermiddag gaan sit. Die klippe is partijmaal koud.

„Dis 'n lekker plek," denk Fluks. Hij trap 'n paar maal rond en dan gaan lê hij.

Dassie is 'n brak. Hij is baie klein en mag in die huis slaap. Met huis oppas het hij niks te doen nie.

As die deur smôrens oopgaan, is Dassie uitgeslaap en wil net speel.

Daar sien hij Fluks lê op die skaapvel.

Hij spring na hom toe en begin sij ore trek.

Fluks brom: „Laat mij met rus, ek wil slaap."

Maar Dassie steur hom nie daaraan nie. Hij spring teen die slapende hond, hij trek sij ore, bijt in sij pote en doen al wat hij kan om Fluks wakker te krij.

Fluks word die gelol moeg en hap naar Dassie. Amper het hij hom raak gebijt.

Dassie het geskrik. Hij is nou bang om digterbij te kom. Maar die plaerij kan hij nie laat staan nie.

Hij begin nou aan die vel en trek. Eers aan die een end, dan aan die ander. Hij pluk aan die hoeke dat die hare daaraf vlieë. Fluks knor maar Dassie wil nie ophou nie.

Ma kom buite.

„Hoekom verniel jij mij velletjie so?" sê sij vir Dassie en gee hom 'n klap.

„En jij mag nie op die vel slaap nie," sê sij vir Fluks en stamp hom met die voet.

Dassie het lankal om die hoek van die huis verdwijn om die kat te soek.

Fluks sal nou maar 'n plekkie soek aan die sonkant van die huis.

82.

## FLUKS EN DASSIE.

Soek nou in die vorige les die naamwoorde, werkwoorde en *bijvoeglike* naamwoorde* en skik hulle in drie rijtjies:—

| Selfstandige Naamwoorde. | Werkwoorde. | Bijvoeglike Naamwoorde. |
|---|---|---|
| Môre | het opgepas, | moeg, |
| Fluks | is, | koud, |
| nag, | ens. | ens. |
| ens. | | |

*Die onderwijser(es) moet eers duidelik maak, wat 'n b.n.w. is. Die eenvoudigste definiesie is: hulle sê, *hoe* dinge is.

83.

## FLUKS EN DASSIE.

a. Vertel in kort sinnetjies, wat Fluks doen.
b. Vertel ook wat Dassie doen.
c. Vertel dan ook nog wat Ma doen.

84.

## DIE EEN DIT, DIE ANDER DAT.

Dassie *slaap* in die nag; Fluks .....
Fluks is *moeg;* Dassie is ......
Fluks *wil slaap;* Dassie *wil* ....

Fluks moet *buite* wees; Dassie mag .....
Dassie is *klein;* Fluks is .....
Die klippe is *hard* en *koud;* die velletjie is .... en .....
Fluks *wou bijt;* Dassie het .....
Dassie krij 'n *klap;* Fluks krij ....
Dassie gaan *die kat* soek; Fluks.....

85.

## FLUKS VERTEL.

Dis nog vroeg in die môre. Ek het ..... ens.

86.

## DASSIE VERTEL.

Dis nog vroeg in die môre. Fluks het .... ens.

87.

## FLUKS EN DASSIE.

Invul:—

'n Goeie ..... ons waakhond was,
'n Flukse ...... dat was-ie.
Sij naam was ....; en dan die brak,
Die noem ons somaar .....

Fluks pas die .... die heel nag op,
Geen .... durf nader ..... nie;
Maar ....... slaap nog in .......
Aan oppas ..... hij hom nie.

Een môre was Fluks ........gewaak,
Met Das wil hij nie .... nie.
Maar Dassie is goed uit .....,
Speel het hom nooit ver .... nie.

Fluks trek hom op die ..... neer,
Sal hij nie .... rus nie?
Maar ..... pla en bijt sij ....,
Hij laat hom nooit met .....

Fluks ..... en wil vir Dassie .....
Maar alles wil nie baat nie,
Want .... hou nooit op met lol,
Wil ..... met rus nie .... nie.

Hij trek sij ....., pluk sij stert;
Sal hij hom nog nie .... nie?
Maar .... het amper ..... gebijt
En skrik het nou nie naam nie.

Hij durf nie nabij ..... weer kom
Maar pluk die ...... haar af.
Daar gaan die ..... oop en ....
Kom net op die baljaar af.

Das krij 'n .... en Fluks 'n .....:—
„Moet ik jul twee nie skraap nou?"
..... soek die ..... en arme .....
Kan in die son gaan ..... nou.

## 88.

## OPGAWE.

Leer die versies van buite, as al die woordjies reg ingevul is.

## 89.

## KOPPIES EN PIERINGS.

Vrae en antwoorde:—

1. Waaruit drink 'n mens koffie?
2. Waarin staan die koppie?
3. Waarom moet dit 'n piering hê?
4. Wat drink ons nog uit 'n koppie?
5. Waarvan word koppies gemaak? (Klei.)
6. Hoe kom dit dat hulle so glad, hard en blink is? (Word gebak.)
7. Wat noem ons die gebakte klei waarvan koppies gemaak is? (Porselein.)
8. Wat het 'n koppie wat 'n piering nie het nie?
9. Wat is die nut daarvan?
10. Wat noem ons 'n koppie wat sonder 'n oor gemaak is? (Kommetjie.)
11. Watter ander breekgoed word van porselein gemaak?
12. Waarvan word koppies en pierings gemaak, as hulle nie somaar moet breek nie?
13. Hoe is hulle bewerk, dat die ijster nie roes nie? (Enemmel oorgetrek.)

90.

## KOPPIES EN PIERINGS.

Vul in:—

1. Ons drink ....., ......, .... en ..... uit 'n koppie.
2. Die koppie word in 'n piering geset, sodat dit die tafel ..... nie kan vuil maak nie.
3. Die piering vang die koffie wat uit ....,
4. Koppies en pierings word van ..... gemaak.
5. Hulle word in 'n oond gebak. Dit maak hulle ...., ..... en ....
6. Die oor is om die koppie aan ..... te ....
7. Sonder die ...... sal die warm koppie 'n mens .....
8. Komme en ....., koppies en ...., borde en ..... is van porselein gemaak.
9. .... koppies en pierings kan nie somaar ..... nie.
10. Hulle kan nie roes nie, omdat hulle met .... oorgetrek is.

91.

## 'N STORIE.

Lees dit en probeer dan 'n geskikte tietel vir die verhaaltjie te maak:—

1. Dit is 'n baie koue dag, nat en onplesierig.
2. Klein Jannie en sij ma sit lekker warm bij die

vuur. Sij wijs vir hom prentjies en vertel vir hom stories.

3. Een prentjie wijs hoe die wrede Romeine van die oue tije die arme Kristene deur die leeuws laat verskeur het.

4. Jannie se mammie vertel vir hom, hoe die vrome Kristene swaar gekrij het en mishandel was.

5. Toe sij mammie weer naar Jannie kijk, sien sij, dat die trane langs sij wangetjies afrol.

6. Sij was baie blij om te sien, dat haar liewe ou seuntjie so 'n teer hartjie het. Sij vra vir hom toe, waarom hij so huil en vir wie hij jammer was.

7. Jannie sê toe, dat hij jammer was vir die arm ou klein leeuwtjie, wat daar so een kant sit, want hij krij niks om te eet nie.

92.

## JAMMER VIR DIE VERKEERDE.

Antwoord hierdie vrae:—

1. Watter soort van 'n dag was dit?
2. Waar het Jannie en sij mammie gesit?
3. Wat het sij gedoen?
4. Wat het een van die prentjies gewijs?
5. Wat vertel Jannie se mammie vir hom omtrent die Kristene?
6. Wat het langs Jannie se wangetjies afgerol?
7. Waarom was sij mammie blij?
8. Wat vra sij toe vir hom?
9. Wat was Jannie se antwoord?

93.

## JANNIE SE MA VERTEL.

1. Dit was 'n baie koue dag, nat en ———.

2. ——— en ——— seuntjie Jannie sit lekker bij ———. ——— wijs vir ——— prentjies en vertel vir ——— stories.

3. Een prentjie wijs, hoe die wrede ——— van die oue tije die arme ——— deur die leeuws laat ——— het.

4. ——— vertel ———, hoe die Kristene swaar gekrij het en mishandel was.

5. Toe ——— weer naar Jannie kijk, sien ——— dat die trane langs ——— wangetjies afrol.

6. ——— was baje blij om te sien, dat ——— liewe ou seuntjie so 'n teer hartjie het. ——— sê toe:— „Jannie, waaroor ——— ——— en vir ——— ——— ———?"

7. Jannie se antwoord was:— „Mammie, ek het ——— ———, want ——— ———."

94.

## OPGAWE.

Vertel nou weer die storie met behulp van die woorde, wat gegee word.

1. Nat, koud, onplesierig.

2. Jannie, ——— mammie ——— vuur. Wijs prentjies ——— stories.

3. Prentjie ——— wrede Romeine ——— Kristene ——— leeuws ——— verskeur.

4. Ma vertel ——— Kristene ——— swaar krij ——— mishandel.

5. Mammie kijk ——— trane ——— afrol.

6. Sij blij ——— seuntjie ——— teer hartjie. Vra ——— waaroor huil ——— vir wie jammer.

7. Jannie sê ——— jammer ——— klein leeuwtjie ——— een kant ——— niks om te eet.

95.

## HIJ WAAG DIT.

Lees dit:—

1. Klein Johan Pienaar is 'n stout en bedorwe seuntjie.

2. Op sij ma haar verjaardag was daar lekker pannekoeke op tafel.

3. Johan het al 'n hele paar geëet, maar meen, dat hij nog bêreplek het vir meer en hij vra weer.

4. Sij ma sê: nee, hij sal siek word.

5. Johan sit vir 'n tijdjie stil en kijk met begerige oë naar die skottel. Eindelik spring hij op en skree: „Asseblief, mammie, gee vir mij nog 'n pannekoek en laat die dokter kom!"

## 96.

### HIJ WAAG DIT.

Antwoord hierdie vrae:—

1. Watter soort seuntjie was Johan Pienaar?
2. Wanneer het sij ma pannekoeke op tafel gehad?
3. Waarom het Johan weer pannekoek gevra?
4. Wat het sij ma gesê?
5. Wat het Johan toe gesê?
6. Op wie het hij staat gemaak?

## 97.

### HIJ WAAG DIT.

Vertel die storie weer met behulp van die woorde wat gegee word:—

1. Johan ——— stout ——— bedorwe.
2. Ma haar verjaardag ——— pannekoeke.
3. Johan ——— hele paar. Bêreplek ——— vra.
4. Sij ma sê ——— siek.
5. Johan stil ——— kijk ——— skottel. Spring ——— skree.: Asseblief ——— nog ——— dokter.

## 98.

## DIE TRIPPENS VAN DIE WEESKINDERTJIES.

Lees dit:—

1. Dit is Sondagmiddag en Kosie gaan Sondagskool toe.

2. Daar is kollekte vir die weeskindertjies.

3. Kosie het twee trippense in sij hand. Een is sij eie en een is vir die kollekte vir die weeskindertjies.

4. Kosie loop en speel met die trippense. Hij skiet hulle een na die ander met sij duim in die lug op en vang hulle dan weer.

5. Maar eindelik vang hij mis en die trippens val in 'n gat water.

6. Kosie staan so 'n bietjie stil en sê dan saggies en met 'n suggie:— „Ja, daar trek nou die trippens van die arme weeskindertjies!"

## 99.

## OPGAWE.

Antwoord hierdie vrae:—

1. Watter dag was dit?

2. Wie het Sondagskool toe gegaan?

3. Watter kollekte was daar in die Sondagskool?

4. Hoeveel geld het Kosie in sij hand gehad?

5. Aan wie het dit behoor?

6. Hoe het Kosie met die trippense gespeel?

7. Toe Kosie die trippens mis gevang het, wat het toe daarmee gebeur?

8. Wat het hij toe gesê?

9. Hoe het hij dit gesê?

100.

## DIE TRIPPENS VAN DIE WEESKINDERTJIES.

Vertel die storie met behulp van die woorde, wat gegee is:—

1. Sondagmiddag ——— Kosie ——— Sondagskool.

2. Kollekte ——— weeskindertjies.

3. Kosie ——— trippense. Een ——— eie, ander ——— kollekte ——— weeskindertjies.

4. Loop ——— speel ——— skiet ——— duim ——— lug ——— vang.

5. Vang mis ——— trippens ——— gat water.

6. Staan stil ——— saggies ——— suggie ——— trek ——— trippens ——— weeskindertjies.